MOSSELBAAI • TUINROETE KUS • SUID AFRIKA

Sakpas Mosselbaai

photo © Jenya Zhivaleva

www.visitmosselbay.co.za

MOSSELBAAI • TUINROETE KUS • SUID AFRIKA

HOE OM HIER TE KOM

Mosselbaai is halfpad tussen Kaapstad en Port Elizabeth geleë (400 km vanaf beide kante).

Vanaf Kaapstad op die N2: Volg die N2 via Somerset-Wes en Swellendam. Sowat 4 ure se ry (sluit stoppe uit).

Vanaf Kaapstad op Roete 62: Volg die N1 via Paarl na Worcester; neem die R60 na Ashton; neem die R62 na Oudtshoorn; draai regs na die R328, na Mosselbaai. Sowat 6 ure se ry.

Vanaf Port Elizabeth: Reis weswaarts op die N2 via Humansdorp en Knysna. Sowat 4 ure se ry.



Mosselbaai Toerisme • Hoek van Mark & Kerktraat
Telefoon: +27 (0)44 691 2202 • info@visitmosselbay.co.za

Oop sewe dae elke week

GPS Koördinate: 34° 10′ 48.35″ Suid; 22° 8′ 34.34″ Oos

Mosselbaai Toerisme is 'n nie-winsgewende maatskappy befonds deur die Mosselbaai Munisipaliteit

www.visitmosselbay.co.za

design, et© 2016



Wanneer laas het jy jou eie omgewing verken? Hou jou lyf toeris en ontdek die omgewing sonder om jou begroting te laat sneuwel...

foto © Romonza

SOVEEL OM TE SIEN, SOVEEL OM TE DOEN...

Mosselbaai en omgewing bied jou 'n magdom besienswaardighede en aktiwiteite om jou vir ure, dae, selfs weke lank besig te hou!

Daar is talle wandelroetes en bergfietsroetes, asook fantastiese voëlkyk geleenthede. Beleef die natuurskoon met die St Blaize-wandelroete. Dit begin by die Punt en kronkel vir 13.5 km kuslangs tot by Danabaai.

In Hartenbos kan jy langs die 2 km promenade gaan stap, en daar is nog heelwat ander wandelopsies in Klein-Brakrivier, Groot-Brakrivier en Glentana. Meer inligting is beskikbaar by die Groot Brak toerismekantoor by De Dekke...

Kyk wild by een van die baie wildsplase in die omgewing of geniet 'n 4x4-ekskursie. Mosselbaai is 'n hengelaarsparadys – hou gerus dop waar die plaaslike ouens lyn natmaak, maar sorg net dat jy 'n permit het (beskikbaar by enige poskantoor). Onthou Mosselbaai se haaie tydens 'n haaihokduik of vanaf 'n boot, óf geniet 'n bootrit rondom Robeiland met die Romonza.

Daar is verskeie plekke waar jy kan duik of snorkel, of probeer 'n helikopterrit of 'skydive' vir iets anders.

As kultuur jou kos is, besoek die Dias Museum of die twee museums in Hartenbos, asook die Groot-Brakrivier Museum.

Koop 'n geskenk by een van die talle kuns- en curiowinkels in die dorp, en stop gerus by 'n plaasstal vir 'n unieke plaaslike handgemaakte produk.

HERBERTSDALE – 'n heerlike dagekskursie

Herbertsdale, 'n dorpie met pragtige kerke, huise met skilderye op die stoepe en 'n pikante stoortjie wat as lykshuis gebruik is, is so 45 km van Mosselbaai.

Neem die N2 (rigting Kaapstad) en kort voor PetroSA se ingangspad, draai jy regs op die R327. Kyk uit vir wild by Gondwana WIldreservaat, wat grens aan die pad. Van seevlak af klim jy bo-op die Du Plessis-pas met 'n uitsig oor die kronkelende Gouritsrivier. Geniet die sonderlinge natuurskoon en Kaapse fynbos wat kol-kol plekmaak vir landerye en sitrusboorde. Die 'perdeskoen'-draai in die pas is die beste plek om die voëllewe te besigtig.

Sowat 1 km noord van die dorpie draai 'n grondpaadjie uit na regs. Hierdie openbare plaaspad lei jou deur pragtige natuurskoon en kleiner passe via Hagelkraal en uiteindelik terug na die R327-teerpad.

Herbertsdale is bekend vir sy melkprodukte, goeie wyn en vrugte. Op Jakkalsvlei wynplaas, een van die min wynplase in die omgewing, kan jy tydens hanepoot-seisoen in Februarie/ Maart jou eie druiwe pluk.

Vanaf Jakkalsvlei, draai regs in die rigting van Cooper. Na 'n rukkie kry jy Indalu Wildreservaat. 'n Hele trop olifante het hier hul hemelsplek gevind. Voer hulle of neem hulle vir 'n wandeling.

VLEESBAAI, BOGGOMSBAAI & FRANSMANSHOEK, hier kom ons!

Pak 'n piekniekmandjie, laai jou hengelgerei en ry vir die dag deur na Vleesbaai, Boggomsbaai en Fransmanshoek. Slegs 34 km wes van Mosselbaai, is dit vinnig bereikbaar via die N2 in die rigting na Kaapstad. Neem vandaar die R325-afrit net duskant die PetroSA-aanleg.

Hierdie kusgebied is 'n hengelaarsparadys. Maak net seker dat jy 'n lisensie het om te hengel – beskikbaar by enige poskantoor.

Die asemrowende Fransmanshoek peninsula is gesog onder rotshengelaars en piekniekgangers.

Avontuursporte soos sandplankry (sand boarding) is hier gewild en brander-plankryers is veral mal oor die plekkie genaamd 'Toads'. Vir 4x4 entoesiaste wag daar vet pret op die sandduine van Vleesbaai.

Ervaar die ongerepte natuur tydens 'n strandwandeling tussen Boggomsbaai en Vleesbaai. Die Oystercatcher Staproete, wat ook hierdie roete volg, word genoem in Unforgettable Walks to Take Before You Die, en doen beslis hierdie titel gestand. Kyk uit vir Tobies ('Oystercatchers' in Engels). Hierdie seevoël word tusen 30 en 40 jaar oud en kies slegs een lewenslange maat. Hulle word geklassifiseer as 'n bedreigde spesie, maar is redelik volop in die gebied.

BRANDWACHT & RUITERBOS – 'n verrassing aan die voet van die Robinsonspas

Jy sal verbaas wees oor hoeveel daar te doen is op die R328-roete tussen Mosselbaai en Oudtshoorn. Besoek Nyaru Game Lodge vir 'n 'wilde' ervaring, of Bonnievale vir 'n bietjie adrenalien, Outeniqua Moon vir rustigheid, of bederf jouself met Leeukloof-kase, vars pizzas en Engelse tee by Eight Bells.

By Nyaru Game Lodge kan jy wild van nader bekyk tydens 'n vierwielmotorfiets-safari. Of stop by Outeniqua Moon, waar Suid-Afrika se grootste perderas woon: die Percheron. Besoek gerus Leeukloof Cheeses, wat met behulp van slegs sonkrag kaas maak sonder enige chemicalië of nagemaakte byprodukte. Besoekers word slegs per afspraak toegelaat (info@leeukloof.co.za / 082 464 7381).

Eet 'n pizza by Hill Billy's of koop vars Fynbosheuning by Ruiterbos Plaaswinkel. Daar sal jy ook die marionette van Warren Kimmel kan sien. Hy is die man agter die karaktertjies van die TV-program Takalani Sesame.

Verken die Attaquaskloof natuurreservaat. Skaap Plaas bied 'n 10 km-staproete aan, en op Bonniedale kan jy een van die top vyf 4x4 roetes in Suidelike Afrika baasraak. 'n Bordjie met die woorde 'Remove your dentures and fasten your bra straps' dien as waarskuwing by die eerste 'autobahn' – die oorspronklike ossewaroete wat van 1689 tot 1869 gebruik is. Bonniedale het ook ander pret-aktiwiteite soos 'n Flying Fox 'foefie slide'.

Jou laaste stop voor die Robinsonspas is Eight Bells Mountain Inn, waar jy heerlike botterbroodjies en tee of 'n ligte middagete kan geniet.

www.visitmosselbay.co.za

www.facebook.com/visitmosselbay

@visitmosselbay

FRIEMERSHEIM – volg die geur van laventel

Ontdek die 'Fragrance Route' en die klein dorpie Friemersheim omtrent 15 km buitekant Groot-Brakrivier. Die dorp kan bereik word via Langstraat, verby Groot-Brakrivier Museum (óók 'n besoek werd). Hierdie pad neem jou sintuie op 'n aangename laventel-reis. Jy sal ook Fynbos, agapanthus en aronskelke sien. Daar is ook 'n leeuplaas en twee private wildreservate op pad soontoe.

Friemersheim het 'n ouwêreldse sjarme. Die dorpie spog met 'n 1884 Kaaps-Hollandse kerk. Dit is ook die geboorteplek van die bekende Volkwyn-stoel voordat die fabriek na Kaapstad geskuif is. Kyk gerus uit vir Auntie Pop se piepklein Spaza-winkeltjie in die hoofstraat, vanwaar sy lekkergoed en eiers aan die plaaslike gemeenskap verkoop.

Meer onlangs het die dorp bekendheid begin verwerf vir sy laventelprodukte. Entrepreneurs kweek die blomme in hul eie tuine, en bure deel steggies met mekaar sodat elkeen hul eie laventeltuintjies kan hê. Die produkte, wat vars blomme, gebak, seep en kerse insluit, word wyd versprei en is ook by plaaslike winkels beskikbaar.

GROOT-BRAKRIVIER – verken die dorp met stok en hoed

Bring jou stok en hoed en verken die mooi dorp Groot-Brakrivier te voet. Daar is sewe kort staproetes om van te kies. Kry 'n padkaart met meer inligting by die toerismekantoor by De Dekke.

- **103 Steps- staproete**

Hierdie roete neem jou van Peperboom Restaurant in Langstraat tot by die interessante '103 Steps' private tuin op Sandhoogtepad, en terug. Die tuin is oop vir die publiek en bestaan onder andere uit 'n labirint wat jy kan verken.

- **Vleiland & Natuur-staproete**

Verken die natuurskoon en voëllewe van die omgewing wanneer jy hierdie staptog aanpak. Dit begin by die Ellen van Rensburg Biblioteek in Langstraat en neem jou deur 'n vleiland, interessante waterslote en Die Rooidak Huisie.

- **Geskiedenis-stappie**

Kom leer meer oor Groot-Brakrivier se geskiedenis. Stap verby geboue soos die geskiedkundige Fairholm, die Searle Memorial-kerk, Groot Brak Museum en Bolton's Skoenfabriek – huis van die Grasshopper-skoen. Die fabriekswinkel is oop vir die publiek.

- **Peperboom-staproete**

Die breedste peperboom in Suid-Afrika is op hierdie roete te sien. Die boom, wat 11.2 m breed is, pryk op die grens van Chris Spies Kunsgalery. Jy stap ook verby Belhambra House (Poskantoor), die ou Bioskoop, twee pragtige kerkgeboue, die oorspronklike fabriekswerkershuisies en 'n hidro-elektriese pompstasie.

- **Die Suiderkruis-staproete**

Hierdie roete neem jou deur die Suiderkruis-buurt. Jy begin by De Dekke en stap selfs by die strand verby.

- **Die Eiland-staproete**

Verken Die Eiland, wat slegs met sy oorspronklike enkelbaan houtbrug verbind word met die vasteland. Minder as 40 mense woon permanent hier, maar tydens somervakansies styg dié getal na meer as 800. Verkyk jou aan die inheemse plantegroei en veral die baie melkhoutbome (Sideroxylon inerme).

- **Die sirkelroete**

Jy kan reg rondom die middedorp stap en by enige parkeerarea begin en eindig. Jy kan via Langstraat en Stasieweg om die rivier stap, of die dorp se twee brûe oorkruis. Wees altyd versigtig as jy oor 'n straat stap.

HARTENBOS – 'n fees van plaaslike kultuur

Hartenbos is tradisioneel die uitspanplek van duisende vakansiegangers wat jaarliks hierheen stroom om te kom rus, vriendskapsbande te hernu en die son en see te geniet. Die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) Strandoord beslaan 'n groot gedeelte van Hartenbos.

Tel skulpies op op die strand, of lees die Afrikaanse gedigte wat pryk op die 2 km wandelpad. Vakansietye is daar trapbootjies by die Hartenbosrivier en 'n flamink-kolonie maak van tyd tot tyd die strandmeer hul tuiste.

Daar is 'n ongerepte groengordel tussen Hartenbos en Klein-Brakrivier vir hengelaars, en die area het 'n rykdom aan voëlspesies.

Stalletjies is deel van die kuier-en-wandel kultuur. Die Hartenbos Boeremark word elke tweede en laaste Saterdag van die maand voor die Carney-gebou gehou.

Museums

Hartenbos spog met twee uitsonderlike museums. Die Hartenbos Museum beeld die Groot Trek en die kultuur van die Afrikanervolk uit. 'n Minder bekende, maar moontlik die uniekste museum in Suid-Afrika, is die Janine Stryk- en Wasmuseum. Verskeie unieke stukke is hier te sien.

Stasie

Hartenbos stasie word nog gereeld gebruik deur Tom, Dick en Harry – drie omgeboude treintrollies wat die prettige Diaz Express uitmaak. Die Express loop op geskeduleerde tye tussen Hartenbos en Mosselbaai, maar bykomende ekskursies kan ook gereël word.

DANABAAI – 'n flora en fauna-paradys op jou drumpel

Danabaai bied 'n skatkis vol Fauna and Flora-juwele aan enige natuurliefhebber. Hierdie bewaringsarea huisves bosbokkies, Tobies (African Black Oystercatchers), skilpaaie, toktokkies en bottelnek dolfyne, asook 'n verskeidenheid Fynbos-spesies.

Danabaai het verskeie groenstroke en drie ongerepte strandgebiede met interessante rotsformasies wat ideaal is vir 'n sonskyndag-piekniek tydens laaggety. Die St Blaize-staproete kan vanaf Danabaai se Eerste Strand aangepak word – bring asseblief water, hoed en stapskoene. Die 13 km roete eindig by die Punt in Mosselbaai.

In die wintermaande is Danabaai 'n gewilde uithangplek vir walvisse en Danabaai-inwoners glo ook vas dat hulle die mooiste sonsondergange in die hele Tuinroete het.

foto © Jenya Zhivaleva

MIDBRAK – 'n skatkis vol besonderse juwele

Min mense besef hoeveel interessante aantreklikhede en lekker kuierplekke daar in Midbrak, die gedeelte tussen die Klein-Brakrivier en Groot-Brakrivier, is.

Vir die stappers en natuurliefhebbers is daar die Reebok Kusfynbos-roete en die 10 km strandstap tussen die riviere. Hierdie twee uur lange roete moet verkieslik tydens laagwater aangepak word. Vir 'n lafenis langs die pad, stop by Seeplaas. 'n Houttrap lei van die strand af en gaste kan hier die unieke driedimensionele kunswerke van Ken Maloney bekyk. Padlangs is die afdraai 'n paar kilometer vanaf Groot-Brakrivier op die R102. Dit is dieselfde pad wat na die bekende seekosrestaurant De Vette Mossel lei. Hier kan jy met jou voete in die sand aan die heerlikste seekos smul.

Proe gerus die heerlike wyne by Cool Bay by die Klipheuwel padstal, op die Klein Brak-afrit. By Klipheuwel is ook vars organiese groente, ingelegte produkte en tuisgebak beskikbaar.

En net om die draai op die R102 by Cape Oysters kry jy die heerlikste Mosselbaai wilde oesters, wat nie net in smaak nie, maar ook in vorm van hul gekultiveerde susters verskil. Besoek gerus Munro's vir hierdie smaaksensasie.

MOSSELBAAI – verken die dorp per voet

As jy hou van ou geboue, moet jy gerus deur Mosselbaai se strate stap. Mosselbaai spog met heelwat ou sandsteengeboue – waarvan die meeste gebou is met klip afkomstig uit die ou steengroef by die Punt.

Kry vir jou 'n roetekaart by die toerismekantoor op die hoek van Mark- en Kerkstraat. Dié brosjure wys byna 70 geskiedkundige geboue uit wat almal tussen 1786 en die vroeë 1990s dateer.

Begin by die gebou genaamd die Granary, wat in 1786/7 gebou is om graan van omliggende plase te stoor totdat daar genoeg was vir 'n volle skipvrag. Die gebou is in 1951 afgebreek, maar herbou in 1987. Die Granary vorm deel van die Dias Museum-kompleks. Daar naby sal jy die Ochre Barn en oorspronklike munisipale geboue vind wat vandag die Craft Art Workshop huisves.

Die Prince, Vintcent & Co-gebou het 'n kenmerkende hoë boog wat ossewaens destyds toegelaat het om goedere binne die gebou af te laai.

Die Goods Shed in Blandstraat is nog 'n pragtige sandsteengbou. Dit is in 1900 opgerig as stoor, maar vandag huisves die gebou die oulikste vlooimarkstalletjies.

Maak gerus 'n punt daarvan om na Pieter Viljoen se Foto-uitstalling in die ou timmermanswinkeltjie te Montagustraat 89 (agter die taxi-staanplek) te gaan loer. Sy ou foto's vertel die storie van Mosselbaai in vervloë dae en sal jou sommer nostalgies maak.

DIE HAWEMUUR – verken Kaai 4

Mosselbaai se hawemuur bied heelwat aan om te sien en doen.

Geniet die uitsig oor die see terwyl jy iets eet by een van die eetplekke op Kaai 4. Sea Gypsy-restaurant is 'n ou gewilde onder inwoners en besoekers, en 'n entjie verder aan is die bloedrooi bus – die London Bus Fish & Chips Company, waar jy op die boonste vlak van dié daklose bus kan aansit. Langsaan is die Mossel Bay Oyster Bar, wat oesters en vonkelwyn, asook sushi bedien. Kaai4 braai restaurant spesialiseer in tradisionele Suid-Afrikaanse kos soos spitbraais, braaivleis, potjiekos en vars roosterkoek – alles voorberei op 'n oop vuur. Café on the Bay is geleë binnekant Mosselbaai Seiljag- en Bootklub. Lui net die klokkie by die hek.

Die hawemuur bied ook heelwat pret-aktiwiteite aan. Electrodive spesialiseer in skubaduik en snorkel, of jy kan saam met die manne van Go Fish gaan diepsee hengel. Tydens die somervakansie is die Waverider gewild onder adrenalienverslaafdes, maar as jy iets rustiger verkies, is die Seven Seas- of Romonza-bootritte dalk meer in jou kraal. Romonza is die enigste boot wat in Mosselbaai tussen Julie en September walviskyk-ritte aanbied.

MOSSELBAAI MIDDEDORP – 'n mengelmoes van oud en jonk

Twee strate in Mosselbaai loop parallel aan die Punt – inwoners en besoekers se gunsteling uithangplek. Beide Marsh- en Blandstraat spog met pragtige historiese sandsteengeboue, waarvan talle omskep is in moderne winkeltjies.

Verskeie strate verbind Marsh- met Blandstraat, en Cuffstraat is spesiaal geplavei vir voetgangers.

Verskeie geboue het 'n verbintenis met die dorp se spoorweg geskiedenis. Die Goods Shed binneshuise mark by die hawe se ingang is in 1902 opgerig om te dien as werkswinkel. Vandag huisves dit 80 vlooimarkstalletjies en is 'n gewilde bestemming.

Die Blue Shed-gebou in Blandstraat was eens 'n spoorwegwerkswinkel. Besoek gerus Bizarre Bazaar laer af in die straat of die Monroe Theatre in Marshstraat, wat gereeld klassieke films wys, en die aangrensende vintage-winkel, Deja Vu.

Verken gerus die onderste gedeelte van Marshstraat – daar is verskeie kuns- en geskenkwinkels, eet- en drinkplekke, en plekke wat spesialiseer in antieke fondse. Drink 'n koffie by The Coffee Club, Fynbos, Arabesque of Coffee@Work of kry ietsie soet by Delicious Cakes op die hoek van Field- en Marshstraat.

Maak dan seker dat jy by die Punt gaan draai – koop vir jou 'n roomys en geniet die brander-skouspel.